


Oor 'n Koppie Koffie met Maritza Breitenbach

'n Suid Afrikaanse vrou, ma van drie, sakevrou, opbouende spreker en Outeur van Koekieboek, wat oorse internasionale pryse gewen het.



Celebrating the Art, Power & Mystery of Woman's Sweetest Spot.

Hoe het die boek tot stand gekom?

Een van my eie dogters het my ontkant gevang met 'n intieme vragie, ek het besef dat daar tonne suiwer mediese inligting beskikbaar is maar byna niks oor hierdie klein "wonderwerk" nie en waarom dit alles draai nie. Ek het begin navorsing doen en die mees wonderlike inligting, diep weggesteek in mediese joenale ontdek. Ek kon nie wag om my bevindinge met alle vroue te deel nie. Ek het nie besef hoe groot die impak van intieme kennis op 'n vrou se "vrouwees" kan wees nie. Dit is na my mening 'n noodsaaklike bemaagtigingsreistog wat alle vroue moet meemaak.

Wat is vir jou die beste woord om te gebruik in Afrikaans?

Dis 'n moeilike een... Afrikaans is so 'n pragtige taal, maar ek dink dit sou die woord 'leef' wees. Beleef, uitleef, leeftyd, inleef, leefbaar, te leef, te laat leef.

Verklap vir ons 'n geheimpie van jouself?

Soggens is ek baie vroeg uit die vere, maar bly graag in my pajama's en pantoffels tot 10 uur. Ek is 'n selferkende koffieverlaafde.

Wat is jou gunsteling tydverdrijf?

'n Oomblik van stilte, met 'n groot pak liquorice en 'n goeie boek.

Wat is jou grootste uitdaging?

Om die grense van 'sosiale stigma en taboe' oor die intiem onderwerp te breek.

Waar kan ons meer inligting oor die boek of onderwerp kry?

Ek gaan by die Vryfees wees. Ek is ingesprek met Adele Dempers van Volksblad op Donderdag 11 Julie om 14h30, in die Diakonale Lokaal 1 van die Van der Merwe-Scholtz saal. Dit is gratis. Kom loer gerus in. Besoek ook gerus die webblad <http://www.thecookiebook.info/>. Mense kan ook 'n getekende kopie bestel by <http://www.offtheshelfbooks.co.za/index.php/order-books>. Die boek is ook beskikbaar by Exclusive Books, Mimosa Mall en Loch Logan.

Resep van die maand



'n Lekker Maklike 'Romany Creams' Resep.

Bestandele:

- 1/2 lb botter of margarien, - 1 k suiker, - 3 1/2 k klapper, - 2 eetl kakao
- 2 tl bakpoeier, - 1/2 tl koeksoda, - 1 tl sout, - 1 tl vanielje, - 2 groot eiers.

Vulsel:

- 2 eetl botter of margarien, - 1 eetl kakao, - 1/2 pakkie versiersuiker
- Bietjie melk om mee aan te maak.

Sit meelblom, bakpoeier, koeksoda, kakao en sout saam. Room botter, suiker en eiers saam.

Voeg klapper by. Voeg geursel by. Roer droe bestanddele by om 'n sagte deeg te maak.

Druk deur koekiemaker en bak 15 min op middelrak teen 200°C. Smeer sagte versiersuikervulsel op en druk opmekaar.



Redaksie

A Piek

A van der Westhuizen

Ontwerp & Uitleg

A van der Westhuizen

Takke

Crossing

051 444 3178

Technicon

051 448 4553

Grey

051 444 4099

Drukkers

Xerox UV

051 401 3378



OEP VI KLOEK

Junie 2013 - Jaargang 7 - Uitgawe 90

Get Together se maandelikse nuusblad propvol skinder, wenke, stories, resepte, staaltjies en nuus vanuit ONS wêreld

Van my kant af....

Om 'n goeie Pa te wees verg baie harde werk. Die belangrikste werk wat 'n man ooit sal aanpak. As jy vir tien mense vra om oor hul pa's te praat sal jy tien uiteenlopende stories hoor. Hierdie stories het gewoonlik min in gemeen en wissel van gelukkige herinneringe en glimlagte tot woede of tranes. Jy sal hoor van Pa's wat sterk was en pa's wat swakkerig was. Pa's wat versorg en pa's wat hulle kinders verwaarloos. Pa's wat liefdevol was teenoor pa's wat ongenaakbaar was. In Juniemaand wil ons graag al die Pa's eer vir al hulle liefde en ondersteuning. Gelukkige Vadersdag! Antonette



Om te adverteer in ons Nuusbrief
 Kontak
 Amanda van der Westhuizen -
 (Operasionele Bestuurder)
 082 875 2692
 Kantoor 051 444 3179
 Epos: gettogethercs@gmail.com

Dagboek

16 Junie
 Vadersdag
 Jeugdag
 21 Junie
 Vrystaat Skole Sluit

SPECIAL VAN DIE MAAND

Pot Pie @R50-00
 Open Toast Bacon & Egg @R17-00




Afскоп Ontbyt met koffie tee of sap @R50-00
 *(Slegs op vadersdag)



uit Ouma se skatkis

Spaar krag die winter met die volgende wenke

- * Vervang alle gloeilampe met energie besparende gloeilampe
- * Maak verhitte vertrekke se deure toe.
- * Maak vensters en gordyne toe voor sonnder.
- * Seel krake en gate in mure. Dit voorkom dat koue lig inkom
- * Sit jou verwarmers op tydskakelaars en stel dit om af gaan terwyl jy



Gedagte van die maand

ANDER SE WASGOED

'n Jong getroude paartjie het in 'n nuwe woonbuurt ingetrek. Die eerste oggend terwyl hulle ontbyt eet sien die jong vrou die buurvrou terwyl sy haar wasgoed buite ophang.

"Daardie wasgoed is nie baie skoon nie," sê sy aan haar man. "Die buurvrou weet nie hoe om wasgoed behoorlik te was nie. Miskien moet sy oorskakel na 'n ander waspoeier toe."

Haar man het opgekyk na die buurvrou se wasgoed, maar het nie 'n woord gesê nie.

Elke keer wanneer die buurvrou haar wasgoed op die draad hang het die jong vrou die selfde opmerkings oor die toestand van die wasgoed.

Ongeveer 'n maand later was die jong vrou die een oggend uiters verbaas om silwerskoon wasgoed op die buurvrou se wasgoeddraad te sien, "Kyk! Sy het geleer hoe om haar wasgoed behoorlik te was. Ek wonder wie het haar bietjie touwys kom maak?"

Haar man antwoord toe, "Ek het vanoggend bietjie vroeër opgestaan en ons vensters skoongemaak!

Dit is soms 'n goeie idee om eers te kyk of jou vensters skoon is want wat ons sien terwyl ons na ander kyk hang grootliks af van die vlekkeloosheid van ons eie vensters waardeur ons kyk.

Voordat ons kritiek lewer is dit 'n goeie idee om onself eers af te vra of ons in staat is om eerder die goeie te sien eerder as die slegte in mense met wie ons verkeer.

